2018 TRADISIONELE BISANTYNSE IKONE WERKSWINKELS

***Met ANNA-MARIE BANDS**, ikonograaf/kunstenaar, wat onder mentorskap van die priester,* **Vader Chrisosthumos, by die Russiese Ortodokse Katedraal in Wenen, Oostenryk, (Novgorod Skool) studeer het en in latere jare 'n gevorderde kursus saam met die Meester Ikonograaf en Teoloog, Vladislav Andreyev in die VSA voltooi het.**

Vanaf 'n tydperk van 17 jaar wat Anna-Marie op versoek Bisantynse ikone werkswinkels begin aanbied het in SA en dit begin groei en sprei het landswyd, het vele veranderings plaas gevind.

Daarom gaan ons die jaar meer tyd maak en ten volle uitreik na die wonderlike ervaring om nader aan Jesus Christus te kom, deur een ikoon te skryf/verf in vrede en sonder haas. Dit sal dus langer tyd neem as die voriges wat tydsgebonde was en uitputtend kon wees.

Die ikone kan nou tot volle reg kom. So ook kan die spirituele gevoels-ervaring van ikone, gebalanseerd ingeskakel word by die praktiese opleiding.

Dit begin met die persoonlike belangrike maak van die borde waarop die heilige beelde geskryf sal word en jou op die pad sal lei: die begin vir die ontmoeting van Hemel en Aarde met die natuurlike materiale waarmee die verhale van die Bybel geskep word en ons 'n blik in die Hemel gee om na te strewe. Die ervaring bind jou harmonieus met die ikoon in wording.

Ikone is daar om in stilte en gebed geskryf te word. Reeds in die eerste eeue is ikone saam met gebed gebruik. Mense word aangegryp deur die verwondering van die verdieping en hoe jy jouself kan vergeet in die proses van die aanleer van die ikone kursus. Hierdeur gaan diep lae van gevoelens oop, van hoe alles weerspieël word in jou daaglikse lewe. Gedurende die skryf van ikoon word die LIG opgeroep, en verbind mens die hart en siel daarmee.

Daarmee saam word 'n kalmer periode uit die jaar gekies om die ervaring te ondersteun. Dit is gewoonlik vanaf Mei tot einde September.

DATUMS EN VOORLOPENDE AKSIE:

Materiale wat ons gebruik en wat van Europa en VSA bestel en gekoop moet word. Dit is nie in SA beskikbaar is nie. Alle materiale word verskaf. Lys ingesluit.

(Begin op Saterdag 2 Junie Dit neem so 2 weke om die borde te maak, tuis.)

Hierdie jaar begin ons met die 4 NAWEKE IN JUNIE (Saterdag en Sondag): 9h00 tot 15h30.

JUNIE: 2/3, 9/10, 16/17, 23/24.

Die Griekse woord "eikon" beteken heilige of "volmaakte beeld", wat op 'n houtpaneel geskilder word. Dit kan egter ook uit ivoor of hout gesny wees, in mosaiek, edel metale en edelgesteentes, of as fresco's in die Bisantynse styl, Grieks of Russies uitgebeeld word.

Ikone is dus uitbeeldings van Jesus Christus, Moeder van Christus, Heiliges, Engele en die verhale van die Ou en Nuwe Testamente, wat gebeur het in die geskiedenis van Christendom. Hierdie Heiliges in die Bybel word simbolies verteenwoordig in Lyne, Kleur en Lig en word Visuele Teologie genoem. Terwyl die geskrewe Bybel parallel loop met die "Woord". So kon en kan diegene wat nie kan lees nie, ook deelneem en verstaan.

Ikone kan dus "geverf' of "geskryf" word. Bisantynse kuns is Christen kuns en voorloper van die Renaissance.

"MET DIE 7de EKUMENIESE RAAD IN NICEA, WAT IN 787 PLAASGEVIND HET, IS DAAR BEVESTIG DAT IKONE GE-EER WORD EN NIE AANBID WORD NIE"

"DAT IKONE IN KERKE, HUISE, OP MURE EN IN STRATE AANGEBRING MOET WORD EN GE-EER SAL WORD, SOOS DIE BYBEL GE-EER WORD".

Belangrik is dat ikone simbolies, volgens spesifieke reëls (heilige geometrie) geverf word, met een van die oudste tegnieke in die geskiedenis: Eiertempera. Natuurlike materiale: minerale pigmente kleure, gemeng met eiergeel en water, op droë houtborde, gedek met linne en 'n gesso van kalsium- karbonaat en gelatine. Goud is ook belangrik.

Die Evangelis Lukas was, volgens oorlewering die eerste ikoonskrywer.

DIE KURSUS

Vergeet van westerse persepsies oor kuns. Maak jouself ontvanklik vir verandering.

Jy hoef nie enige iets te weet van kuns. Belangrik is dat jy 'n ikoon wil verf.

Hierdie is 'n stap vir stap kursus, waarin ek vir elkeen persoonlik sal demonstreer en help om die tegniek te bemeester

Ikone is nie skilder na willekeur nie. Dit beteken egter nie dat spontaniteit buite kwessie is nie. Dis 'n kursus waar elkeen binne die tradisie moet werk maar waar nog steeds jou eie unieke gevoelens en persoonlikheid tot uiting kom. Elke ikoon wat geskep word is anders en dra die ikoneskrywer se besondere stempel.

Belangrik is om jou eie innerlike lewe te ontdek dmv stil te wees, te bid (met God te praat) en te mediteer (te luister na God). Dit word "Lectio Divina" genoem en in die proses word van Hom geleer hoe om iets moois te skep en Geloof, Hoop en Liefde te installeer.

Omdat dit 'n diep gevoels-kursus is met 'n sterk disipline, word dit van die deelnemers verwag om nie onnodig gedurende die klas te praat nie, aangesien dit die konsentrasie vir ander kan steur.

Selfone moet ook stil gemaak word. Gepaste musiek word gespeel.